

15 Maart

Psalm 63:1-12, (Teks: 63:2)

Lewensgemeenskap met God bring lewensvreugde

Dawid is besig om te vlug vir sy seun Absalom. Hy is in die Judawoestyn - onherbergsaam, verlate, oorgelaat aan die elemente van die woestyn: hitte, sonder water, ongediertes. Hy is weg van die aanbiddingsplek van die volk. En in hierdie omstandighede bly Dawid positief, want hy hou vas aan God: *Hy doen dit deur 'n lewende, aktiewe geloof*. Hy erken God as sy God. Ja ook daar in die verlate woestyn is God daar. Hy is Immanuel - God by ons! Hierdie lewensband met God is deur die soendood van Christus sterker gemaak. Deur sy Heilige Gees het God nou woning in my kom maak. Ek leef nou in Christus en Christus in my. *Hy hou aan God vas deur 'n godvrugtige en vroom, toegewyde lewe*.

Hy soek God elke dag. Hy soek Hom met sy hele lewe. Hy verlang daarna om in die teenwoordigheid van God te wees. Sy lewe lê daarin om die wil van die HERE te soek, ook daar in die woestyn. Ons lewe moet saam getuig dat ons onder alle omstandighede vashou aan God, dat ek in sy teenwoordigheid is. Dawid se vashou aan die HERE bring versadiging vir sy siel (vers 6).

Geloof in God, 'n toegewyde soeke na God, bring blydschap, versorging, beskerming onder alle omstandighede. Christus is deur God verlaat, sodat ons nooit deur Hom verlaat sal word nie. In Christus het God my vasgegryp in sy reddende regterhand. Omdat Hy my vashou, daarom kleef ek aan Hom vas. Daar is 'n intense begeerte om nie los te laat nie.

Sing: Ps. 63:1, 4

Ds. T.C. de Klerk (Potchefstroom-Suid)